education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRADE 12

## VERBRUIKER STUDIES

## MEMORANDUM

## MODEL 2008

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

*ANSWER SHEET/ANTWOORDBLAD*

**EXAMINATION NUMBER / EKSAMEN NOMMER**

**CENTRE NUMBER / SENTRUM NOMMER**

| QUESTION/VRAAG 1.1 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | ~~D~~ | |
| 1.1.2 | ~~A~~ | B | C | D | 3 |
| 1.1.3 | A | B | C | ~~D~~ | 2 |
| 1.1.4 | A | B | ~~C~~ | D | 2 |
| 1.1.5 | ~~A~~ | B | C | D | 2 |
| 1.1.6 | A | ~~B~~ | C | D | 2 |
| 1.1.7 | A | ~~B~~ | C | D | 2 |
| 1.1.8 | A | ~~B~~ | C | D | 2 |
| 1.1.9 | A | B | ~~C~~ | D | 2 |
| 1.1.10 | A | B | C | ~~D~~ | 2 |
| 1.1.11 | A | B | ~~C~~ | D | 2 |
| 1.1.12 | A | ~~B~~ | C | D | 3 |
| | | | | | **26** |

| QUESTION/VRAAG 1.2 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | B | C | ~~D~~ | E | F |
| 1.2.2 | A | B | ~~C~~ | D | E | F |
| 1.2.3 | A | B | C | D | ~~E~~ | F |
| 1.2.4 | ~~A~~ | B | C | D | E | F |
| | | | | | | **(6)** |

| QUESTION/VRAAG 1.3 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | A | B | C | D | E | ~~F~~ | G |
| 1.3.2 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.3.3 | ~~A~~ | B | C | D | E | F | G |
| 1.3.4 | A | B | C | ~~D~~ | E | F | G |
| 1.3.5 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |

**(5)**

| QUESTION/VRAAG 1.4 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.4.2 | A | B | C | D | E | ~~F~~ | G |
| 1.4.3 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |
| 1.4.4 | A | B | C | ~~D~~ | E | F | G |
| 1.4.5 | ~~A~~ | B | C | D | E | F | G |
| | | | | | | | **(5)** |

**TOTAL**
**SECTION A / TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**
**VOEDSEL EN VOEDING**

**VRAAG 2**

**2.1 Voedselbestraling:**

- Verleng die rakleeftyd van voedsel.✓
- Voedsel bly langer vars, ✓dus minder vermorsing, ekonomiese voordele.✓
- Die moontlikheid van voedselvergiftiging is minder✓ omdat dit die groei van bakterieë en skimmels beheer.✓
- Dit skakel die gebruik van skadelike chemiese berokingsmiddels✓ om insekte in graanvoedsel en speserye te beheer, uit.✓
- Die invoer en uitvoer van vars vrugte en groente is moontlik,✓omdat kwarantyn maatreëls vir internasionale handel gestandardiseer word.✓
- Kennisvraag (3x2) (6)

**2.2.1 Voedselallergie:**

- Hierdie tipe intoleransie betrek die liggaam se immuunsisteem.✓
- ‘n Persoon se immuunsisteem reageer sterk teen spesifieke voedselbestanddele. .✓
- Die immuunsisteem val onskadelike voedingstowwe bv proteïene aan. .✓
- Dit is dikwels slegs ‘n ligte reaksie. .✓ Enige 2 (2)

**2.2.2 Voedselintoleransie:**

- Chemiese middels bou op in die ingewande as gevolg van voedsel wat nie volledig verteer word nie.
- ‘n Persoon met ‘n voedselintoleransie se liggaam kan nie sekere voedselsoorte korrek verteer nie. (2)

Kennisvraag

**2.3 Riglyne vir ‘n gesonde dieet vir ‘n jong volwassene:**

- Eet styselvoedsel – dit verskaf energie en hou die liggaamsgewig konstant.
- Eet baie vrugte en groente – dit verskaf vitamiene, minerale en vesel.
- Sluit vleis, melk en peulgroente in – dit verskaf proteïene
- Eet baie vesel – help die spysverteringstelsel.
- Eet minder vette – dit veroorsaak vetsug en ander degenerasiesiektes.
- Drink baie water – dit vul die voorraad reinigingsvloeistof aan.

Enige 4 (4)

- Toepassingsvraag

**2.4 Voedselverwante eetsteurnisse:**

**2.4.1 Bulimia:**

- Die persoon eet groot hoeveelhede voedsel en braak dan later of gebruik purgeermiddels om van die voedsel ontslae te raak.
- Bogenoemde word afgewissel met periodes waar daar niks geëet word nie.
- Strawwe oefening word gedoen.
- Dit kan lei tot depressie of onvoorspelbare buierigheid.
- Word gekenmerk deur irrassionele gedrag. Enige 2 (2)

**2.4.2 Anorexia:**

- Gekenmerk deur 'n obsessie met voedselinname, gewigsbeheer en oefening.
- Gaan gepaard met drastiese gewigsverlies.
- Die Anorexia-lyer dink en praat altyd oor kos.
- Het 'n vrees vir vetsug.
- Die persoon sien hom/haarself as vet al is dit nie die geval nie.
- Onvermoë om te konsentreer. Enige 2 (2)

Toepassingsvraag

**2.5 Voedselsekuriteit uitdagings:**

**2.5.1 Genoeg voedsel vir die toekoms:**

- 'n Tekort aan voedsel ✓as gevolg van die verhoging van brandstof pryse en die verhoogde insetkostes wat die boere se profyt verlaag ✓ Baie boere skakel oor na wildsboerdery vir toerisme wat 'n afname in voedselproduksie veroorsaak.✓ Boere moet aangemoedig word om voedsel te produseer.✓

**2.5.2 Die impak van inflasie op voedselsekuriteit:**

- Die regering vind dit moeilik om die inflasiekoers te beheer as gevolg van die ru-oliepryse wat styg.✓ Die gevolg is dat petrol- en dieselpryse styg, wat weer veroorsaak dat voedselpryse die hoogte in skiet.✓
- Mense maak meer gebruik van kredietfasiliteite om goedere te koop, dit verminder hulle beskikbare inkomste omdat hulle meer rente betaal.✓

**2.5.3 Té min werksgeleenthede:**

- Geen werk ✓dus geen inkomste nie wat lei tot armoede ✓- gesinne kan nie bekostig om voedsel te koop nie, ✓

(2x3) (6)

Toepassingsvraag

**2.6 Riglyne om die voedingstatus van 'n VIGS-lyer te verbeter.**

- Eet 'n klein hoeveelheid voedsel per dag. Meer gereelde maaltye verbeter die absorbsie van die nutriënte en beter gesondheid word gehandhaaf bv eet vyf klein maaltye in plaas van twee groot maaltye.✓
- Siektetoestande soos diarree en koors verminder die absorbsie van nutriënte en verhoog die nutriëntbehoefte van die liggaam. Dus behoort VIGS-lyers nie maaltye oor te slaan nie sodat nutriënte deurgaans vervang word. ✓
- Eet voedsame voedsel, nie noodwendig baie voedsel nie. Probeer om gebalanseerde maaltye te eet wat voedsel bevat wat plaaslik geproduseer is. (Kandidate mag voorbeelde noem van voedsel uit hulle area.) ✓
- Doen gereeld oefening om die eetlus te stimuleer sodat meer geëet word. ✓
- Eet baie vrugte en groente want dit verskaf vitamiene en minerale. Eet dit liefs rou of bewaar die vitamiene en minerale deur dit in min water gaar te maak.✓
- Stoom of kook die groente in die skil bv broek-en-baadjie aartappels. Moenie gereedskap gebruik wat vitamienes vernietig bv koperkastrolle wat vitamien C vernietig. ✓
- Gebruik skoon vars water om waterverlies aan te vul.✓

Enige 6 (6)

Toepassingsvraag

**2.7 Evalueer die impak van wanvoeding op die ekonomie:**

- Individue wat werkloos is, gee aanleiding tot armoede. ✓ Hierdie individue kry wanvoeding en word die staat se verantwoordelikheid. ✓
- Armoede dreineer die regering se fondse ✓ want gratis medikasie en voedselaanvullings moet verskaf word. ✓ (voedselpakkies en gefortifiseerde melk vir kinders)
- As gevolg van wanvoeding en werkloosheid neem misdaad toe en dit affekteer die ekonomie bv toerisme. ✓
- Siektes wat onstaan as gevolg van wanvoeding gee aanleiding tot 'n kleiner inkomste ✓wat die koopkrag verminder ✓en dus nie bydra tot die land se ekonomie nie.
- Gevolgtrekking: Dit blyk dus dat die gesondheidstoestand van die volk 'n direkte invloed het op die ekonomie. ✓
  'n Groot gedeelte van die Suid Afrikaanse bevolking lei aan wanvoeding en dra gevolglik nie by tot die groei van die ekonomiese omgewing nie. ✓

(10)

Evalueringsvraag

**[40]**

**AFDELING C**
**KLEDING**

**VRAAG 3**

**3.1 Faktore wat oorweeg moet word om klere te kies vir eerstejaar student:**

- Meng-en-pas ✓– meer koste effektief✓
- Sosiale identiteit ✓ sodat student in groep kan inpas (konformeer)✓
- Kleredrag moet fatsoenlik wees ✓– respekteer ander kultuurgroepe.✓
- Wees bewus van die aanvaarde norm vir klere ✓– moenie buitensporig wees nie.✓
- Wees bewus van modeneigings ✓– sodat persoon modieus kan wees ✓
- Klere moet gemaklik wees✓sodat die student kan konsentreer / nie ander studente se aandag aftrek nie.✓
- Klere moet verander kan word ✓om geld te bespaar✓of om bewus te wees van die omgewing (3x2) (6)
-

Kennis- en toepassingsvraag

**3.2 Riglyne om 'n goeie indruk te skep tydens 'n onderhoud:**

- Eerste indrukke is blywend – dit is dikwels die enigste kans om 'n indruk te maak.✓
- Die indrukke verklap persoonlikheidseienskappe van 'n persoon.✓
- Kleurkombinasies kan 'n aanduiding van die persoon se gemoedstemming gee. ✓
- Die persoon sal eerder op die fisiese voorkoms beoordeel word as op persoonlikheid.✓
- Trek aan om by die werksomgewing te pas.✓
- Trek skoon en netjies aan.✓
- Gebruik grimering en reukwater spaarsamig.✓
- Hare moet netjies gestileer wees.✓ (8)
-

Kennis- en toepassingsvraag

**3.3 Bespreek die impak en gevolge van handelsname op 'n tiener se keuse van klere :**

| IMPAK | GEVOLGE |
|---|---|
| 1 As gevolg van groepsdruk koop tieners eerder klere met handelsname op.✓ | 1 Moedig impulsiewe kopies aan wat koste implikasies mag hê.✓ |
| 2 Tieners wil voel hulle behoort in die groep daarom koop hulle klere met handelsname, wil nie oud-modies wees nie.✓ | 2 Verwronge prioriteite gee aanleiding tot konflik in die familie asook klasseverskille.✓ |
| 3 Lojaliteit – moedig handelsnaam lojaliteit aan ✓ | 3 Baie vals handelsname verskyn op die mark met goedkoper pryse. ✓ |
| 4 Verseker waarde vir geld✓ | 4 Dit skep verbruikers wat kwaliteit koppel aan handelsname, en alle ander klerasie as minderwaardig.✓ |
| 5 Verwronge waardesisteem | 5 Die persepsie ontstaan dat mens slegs handelsname moet koop omdat dit die beste is. |

(8)

Kennis- en toepassingsvraag

**3.4 Die impak van vesels op die omgewing:**

**3.4.1 Natuurlike vesels:**

- Die verbouing van natuurlike vesels soos bv katoen vereis die gebruik van insekdoders✓ wat besoedeling veroorsaak en skadelik is vir die omgewing.✓
- Besproeing, die gebruik van kunsmis, insekdoders, bleikmiddels en kleurstowwe – gebruik baie water en veroorsaak ook besoedeling.✓
- Baie landbougrond word vir die verbouing van katoen gebruik dus is daar minder grond vir voedselverbouing beskikbaar. Dit het 'n impak op voedselsekuriteit.✓
- Wanneer wolkledingstowwe verrot, word gasse vrygestel wat bydra tot klimaatsverandering.✓ (5)

Toepassingsvraag

**3.4.2 Sintetiese vesels:**

- Word in 'n laboratorium vervaardig deur chemikaleë en olies ✓te gebruik wat besmetting kan veroorsaak bv nylon, poliëster, viskose✓
- Baie water word gebruik om poliëster te vervaardig.✓
- Waardevolle nie-hernieubare fossielbrandstowwe word gebruik in die produksie, prossesering en vervoer van sintetiese vesels – dit gee aanleiding tot die vrystelling van koolstof in die atmosfeer wat bydra tot klimaatsverandering,✓
- Die produksie van viskose uit houtpulp veroorsaak dat bosse uitgeput word. Bloekombome word aangeplant as alternatief. Hierdie bome gebruik baie water wat meer ekologiese probleme veroorsaak.✓ (5)

Toepassingsvraag

**3.5 Die gebruik van organiese vesels in die klere-industrie om besoedeling te beveg.**

- Organiese produkte is omgewingsvriendelik ✓omdat geen insekdoders en onkruiddoders tydens die verbouing daarvan gebruik word nie.✓
- Hennep groei vinnig en weelderig en verminder die moontlikheid van onkruid.✓
- Organiese katoen - geen insekdoders, onkruiddoders of plaagdoders word gebruik nie.✓
- Organiese vesels is bio-afbreekbaar ✓dus omgewingsvriendelik en verminder besoedeling.✓
- Organiese wol is ook 'n moontlikheid omdat giftige dipstowwe nie gebruik word nie.✓
- Gevolgtrekking: Die gebruik van organiese vesels sal besoedeling beveg omdat geen skadelike chemiese produkte in die verbouing daarvan gebruik word nie.✓ Hierdie vesels is bio-afbreekbaar en verminder besoedeling.✓

▪ (8)

- Evalueringsvraag

**[40]**

## AFDELING D
## BEHUISING EN MEUBILERING

### VRAAG 4

**4.1 Vergelyk die implikasies om te huis te koop met die huur van 'n huis.**

| KOOP | HUUR |
|---|---|
| 1 Duurder | 1 Nie so duur nie |
| 2 'n Veilige belegging | 2 Geen belegging nie |
| 3 Gee die eienaar 'n gevoel van sekuriteit en onafhanklikheid. | 3 Geen gevoel van sekuriteit en onafhanklikheid nie |
| 4 Moet eiendom onderhou. | 4 Minder onderhoudskoste |
| 5 Kan verander volgens smaak | 5 Kan nie die struktuur verander sonder toestemmimg nie. |
| 6 Die eienaar is verantwoordelik vir rente en belasting. | 6 Huurder betaal nie rente en belasting nie. |
| 7 Gemoedsrus omdat afhanklikes versorg is as die eienaar iets oorkom. | 7 Afhanklikes sal nie versorg wees nie as die eienaar wegval. |

Enige 3 Enige 3 (6)

Toepassingsvraag

**4.2 Die belangrikhid van TWEE van die volgende by die koop van 'n huis:**

4.2.1 **Finansiële verantwoordelikhede van die huiseienaar:**

- Oordragskostes
- Verbandregistrasie
- Seëlreg
- Inspeksiefooi
- Kommissie vir agent
- Verhuisingskostes
- Telefoondiens-aansluiting
- Water en elektrisiteit
- Rente Enige 6 (6)

**4.2.2 Die kontrakte wat vereis word:**

- Wanneer ‘n persoon beoog om eiendom te koop, ✓word ‘n dokument bekend as “die aanbod om te koop” opgestel.✓
- Nadat die koper en verkoper dit geteken het, ✓word dit ‘n regtelike kontrak nl die koopakte✓
- Die koopakte is ‘n geskrewe ooreenkoms tussen die koper en verkoper✓en word deur ‘n prokureur opgestel.✓
- Die “ontkomingsklousule”✓ stel die voornemende koper in staat om die kontrak te kanselleer indien die lening nie toegestaan word nie.✓
- Die voetstoots-klousule (koop soos dit is)✓dui aan dat die verkoper nie verantwoodelik is vir foute wat later ontdek word nie.✓
- ‘n Boeteklousule moet ingesluit word,✓indien een van die partye die kontrak breek.✓ (3x2)(6)

**4.2.3 Die rol van eiendomsagente:**

- Verskaf inligting in verband met skole, medies fasiliteite, misdaad, winkels en polisiestasies.✓
- Stel die koper se koopkrag, finansiële reserwes en grootte van die lening vas.✓
- Verkry inligting in verband met die eiendom wat die koper wil hê.✓
- Onderhandel met die verkoper en koper in verband met die prys, finansiering en die okkupasie datum.✓
- Gee leiding tydens die koopproses.✓
- Kies eiendom wat die koper kan oorweeg.✓ (6)

Toepassingsvraag

**4.3.1 Thabo het die reg om:**

- te kla
- op beskerming
- ‘n saak aan te spreek
- op goeie kwaliteit (3)

Toepassingsvraag

4.3.2 **Raad oor hoe om te kla:**

- Verstaan die inligting op die koop ooreenkoms.
- Kla by die regte persoon.
- Stel die klagte duidelik, wees kort en saaklk.
- Hou alle dokumente in verband met die kooptransaksie byderhand.
- As die handelaar nie aandag gee aan die klagte nie, kan die klagte na 'n professionele raad bv die Verbruikersraad geneem word.
- Wees altyd hoflik, maar ferm en beslis.
- Kla so gou as moontlik. (6)

Kennis vraag

**4.4 VIER kriteria vir die verantwoordelike gebruik van water.**

**Gebruik water spaarsamig:**

- Moenie die bad te vol tap nie.
- Stort in plaas van bad

**Verantwoordelike gebruik van water:**

- Moenie kraan oop los nie.
- Vervang wassers indien nodig.
- Moenie die sproeier in die tuin gebruik nie.

**Innoverende gebruike van water:**

- Gebruik reënwater om tuin nat te maak.
- Gebruik 'n emmer in plaas van die tuinslang wanneer die motor gewas word.
- Bedek die swembad om verdamping te voorkom.
- Moenie hande onder die lopende kraan was nie, tap 'n bietjie water in die wasbak. Enige 6 (6)

Kennis vraag

**4.5 Assesseer maniere om die verbruik van elektrisiteit in die huis te verminder:**

- Gebruik verwarmers en ander apparaat oordeelkundig.✓
- Maak meer as een gereg gelyktydig in die oond gaar.✓
- Gebruik energie-besparende gloeilampies met die regte stroomspanning.✓
- Son-energie kan vir tuinligte en warm water gebruik word.✓
- Installeer sonverwarmingstoestelle omdat dit die energie verbruik van warmwatertoestelle verminder.✓
- Pas koste effektiewe maatreëls toe om die gebruik van elektrisiteit in die huis te verminder bv gebruik ‘n mikrogolfoond, skakel die warmwatertoestel af, kook klein hoeveelhede water ✓
- Gevolgtrekking: Na aanleiding van bogenoemde is dit duidelik dat die energieverbruik in die huis drasties verminder kan word✓ en sodoende kan ‘n bydrae tot die ekonomie van Suid-Afrika gelewer word.✓ (10)

Evalueringsvraag [40]

*

**AFDELING E**

**VRAAG 5**

**5.1 Faktore wat oorweeg moet word by die keuse van winsgewende produkte:**

**Toepaslike produkte**

- Identifiseer die teikengroep vir die spesifieke produk.
- Identifiseer die behoeftes en begeertes van die teikengroep.

**Korrekte pryse**

- Pryse moet markverwant wees.
- Stel bemarkingstrategieë vas.
- Gebruik hulpmiddels ekonomies. (4)

Toepassingsvraag

**5.2 Verduidelik die belangrikheid van ‘n produksielyn in ‘n kleinskaalse produksie**

- Dit verseker dat al die prosesse glad verloop.
- Gebruik effektiewe metodes en procedures.
- Verbeter doeltreffendheid
- Beter gebruik van tyd, hulpmiddels en arbeid maak dit koste effektief.
- Kan terugvoering kry tydens enige stadium van die produksie
- Kwaliteitsbeheer kan toegepas word. (5)
- Toepassingsvraag

**5.3 DRIE kriteria om te verseker dat kwaliteitsbeheer maatreëls toegepas word:**

- Vaardigheid van die produksiespan ✓– maak seker dat almal die nodige vaardigheid en kennis het om’n kwaliteit produk te maak.✓
- Gereelde kontrole ✓sal verseker dat elke stadium korrek is en hoë standaarde gehandhaaf word. (volgens die produksieplan)✓
- Kontroleer die toestand of kwaliteit van die apparaat✓sodat die bes moontlike produk vervaardig kan word.✓
- Gereelde rusperiodes sal verseker dat werkers nie moeg word nie ✓ en kwaliteit produkte vervaardig✓
- Gereelde personeel-ontwikkelingsprogramme ✓ sal verseker dat vaardighede verbeter word/tred hou met tegnologiese ontwikkelings✓
- Bekwaamheid van persone wat kwaliteit beheer toepas✓ om te verseker dat die verwagte standaarde gehandhaaf word✓

(3x2)(6)

Toepassingsvraag

**5.4 Verduidelik die werkloosheidsfonds**

- Vereis verpligte registrasie van alle werkgewer✓ wat die noodsaaklike aftrekkings van werknemers se salarisse moet maak✓
- Verskaf korttermynverligting wanneer werkers hulle werk verloor✓
- Word gefinansier deur die maandelikse bydrae van die werkgewer en werknemer✓

(4)

Kennisvraag

**5.5 Verduidelik die belangrikheid van akkurate voorraadbeheer:**

- Wees bewus van alle voorraad op hande✓ sodat daar aan die eise van die kliënte voldoen kan word✓
- Wees bewus van tekorte sodat bestellings vroegtydig geplaas kan word✓ om aan die vraag te voldoen sodat verliese nie gely kan word nie✓
- Wees bewus van vroegtydige aanvulling✓ sodat kundige en koste effektiewe aankope gedoen kan word✓
- Wees bewus van die toestand van die gereedskap✓ om voorsiening te maak vir behoorlike instandhouding✓

(3x2)(6)

Toepassingvraag

**5.6.1 Gereed- om te -eet botterbroodjies**

- Lys van bestanddele
- Versorging- en bergingsinstruksies
- Voorbereiding- en gaarmaakmetodes
- Prys
- Kwaliteit met betrekking tot nutriëntwaarde en gesondheidseienskappe
- Enige relevante embleem bv. Halaal
- Vervaardiger se naam en adres enige 5
- Hoeveelheid
- Beste voor datum (5)

**Omkeerbare onderbaadjie**

- Grootte
- Versorgingsinstruksies
- Spesiale instruksie bv. MOENIE WRING NIE
- Prys
- Simbole wat kwaliteit aandui enige 5
- Verbruikerssorg nommer
- Omgewingsvriendelik
- Tekstielinligting

(5)

**Bedlinne**

- Soort (gewone of paslaken)
- Versorgingsinstruksies
- Spesiale instruksies
- Spesiale inligting enige 5
- Simbole wat kwaliteit aandui
- Verbruikersorgnommer
- Tekstielinligting (5)

Kennisvraag

**5.7 Entrepreneurs-vaardighede en kennis bepaal die suksesvolle produksie van kwalikteit produkte. Evalueer**

- Waar✓
- Sal die kennis hê om toepaslike produkte vir die teikenmark te kies✓
- Sal die vaardighede hê om die produk volgens spesifikasies te maak✓ soos bepaal deur die teikenmark✓
- Sal die kennis hê om die prys akkuraat te bepaal✓ om te verseker dat uitgawes gedek word✓ en dat wins gemaak word✓
- Gevolgtrekking: Dit is dus duidelik dat ‘n entrepreneur kennis en vaardighede moet hê om ‘n vraag te skep ✓vir die produkte wat gemaak word. ✓ Die entrepreneur se kennis en vaardighede sal verseker dat die produk aan die behoeftes van die teikenmark voldoen, dus sal sukses gewaarborg wees. ✓ (10)

Evalueringsvraag

**[40]**

**GROOT TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou